

‘n Tweede diakenamp / diens?

Dr Hennie van Wyk (Bloemhof / Christiana)

Die heel eerste “amp” of “diens” waarin die Here Sy kind plaas – is die amp van die gelowige. Dit is die belangrikste van al die ampte. God maak die roeping sigbaar by die doop, en die volle aanvaarding en bevestiging vind plaas wanneer hy sy geloof bely. Die enigste manier waarop die mens “ontslag” uit hierdie amp kry, is om jou rug op God te draai en God en Sy koninkryk te verlaat. Dit kan egter nie met die uitverkorene gebeur nie. Die uitverkorene is dus ewig in die diens van die Here.

Dan is daar die besondere amp of diens...

Amp of diens

Daar is baie diskussie oor “amp” of “diens”. Dit is twee kante van dieselfde muntstuk. Die Here roep Sy kinders om dienswerk in Sy koninkryk te verrig. Hierdie roeping is nie maar ‘n doen-soos-jy-lus-is-nie. Dit is ‘n dankbaarheidsplig waartoe die Here jou roep en aanstel – dit is baie amptelik, ernstig en formeel.

Ontwikkeling in die kerk

Ons lees in die Nuwe Testament van twee besondere ampte – ouderling en diaken. In Paulus se eerste brief aan Timoteus (5:17) maak hy ‘n duidelike onderskeid in die amp van ouderling: die leer-ouderling en die regeer-ouderling. Daar is dus drie besondere ampte genoem in die Nuwe Testament.

Later het daar ‘n onderskeid gekom in die amp van die leer-ouderling: dominee en professor – hulle wat leer-ouderlinge oplei.

Tans is daar dus in die kerk vier besondere ampte: diaken, regeer-ouderling, leer-ouderling (dominee) en leer-leer-ouderling (professor).

Stiefkind-amp

Dit is opvallend dat daar sedert die tyd van die Nuwe Testament ‘n vervlakking van die diaken-amp was. Trouens: ons kan sê dat die diaken-amp in die vorige eeu in ons kerk vervlak het tot arm-sorg.

Reeds in die vroeë sestiger-jare het daar op sinodes die vraag ontstaan of diakens net armsorg moet doen. Dit nadat die sinode van 1958 ‘n uitvoerige studie gedoen het oor die vrou in die kerk. Kortliks was die bevinding dat sy ‘n baie belangrike taak het - veral op maatskaplike terrein. In die studies wat sedert 1961 gedoen is, is daar juis gepoog om weg te beweeg van die idee dat diakens net vir armsorg verantwoordelik is. Daar is wel ‘n maatskaplike sy wat ‘n aspek van die diaken-amp is. Dit is egter nie die primêre taak van die diakens nie.

In 1979 het die studie uiteindelik sy beslag gekry in die kerke. Dit het tot die gevolg gehad dat artikel 24 van die kerkorde ook gewysig is om uit te spel wat die taak van die diaken wel is.

Tog is daar steeds gemeentes wat diakens net gebruik vir armsorg...

Taak van die diaken

Lees ‘n mens die formulier vir die bevestiging van diakens asook die kerkorde noukeurig, fokus die werk van die diaken op twee sake: toerusting van lidmate en sorg van lidmate. Ons glo dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus...

'n Uiteers belangrike sin in die formulier vir die bevestiging van diakens is: u word geroep om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hierdie opleiding van lidmate moet ook na buite werk dat die liefde van Christus ook buite die kerk sigbaar is.

Ek gaan nie nou die wyses bespreek waarop dit gedoen moet word nie.

Die tweede aspek is dat die diaken die opdrag het om te sorg dat niks die eenheid in die gemeente breek nie (onder andere armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte). Daarvoor is daar fondse nodig en dit moet sorgvuldig beheer en middele moet uitgedeel word.

Ons sien dus 'n duidelike onderskeid in die werk van die diaken – toerusting en versorging.

'n Skeiding in die amp van diaken?

Om hierdie vraag te antwoord, moet ons in gedagte hou dat in die GKSA reeds vir meer as 100 jaar al gevra word oor die plek van die vrou in die kerk. Sedert 2000 was die kwessie oor die vrou in die besondere dienste 'n verdelende faktor binne die kerk.

Aan die een kant word die vraag gevra of vroue "minderwaardig" is ten opsigte van die werk van die Here. Aan die ander kant is daar duidelike uitsprake van die Here self oor die saak! Studies oor hierdie gedeeltes het verskillende interpretasies. Ekself lees dit eenvoudig soos dit gestel word: In 1 Korintiërs 14:33, 34 sê die Here duidelik dat die vrouens in die gemeente moet stil bly. In 1 Timoteus 3:2 sê die Here dat die ouderling getrou moet wees aan sy vrou (nie gade / man / lewensmaat nie). In 1 Timoteus 3:12 sê die Here dat die diaken die man van een vrou moet wees (nie gade / man / lewensmaat nie).

Dan meld die Here in 1 Timoteus 3:11 van vroue wat nugter en van goeie karakter moet wees. Watter vroue?

'n Oplossing?

Indien ons bogenoemde Skrifgedeeltes saam met die ander uitsprake van die Here lees waar daar voorbeelde is van vroue wat die Here in sy Koninkryk gebruik het (o.a. Febe, Debora en Anna) weet ons dat vroue 'n eie besondere taak in die kerk het. M.i. is die logiese 'n skeiding in die diaken-amp!

Prakties sou dit beteken dat daar dan 'n onderrig-diaken is wat die toerusting in die gemeente doen wat die gemeente leer om hulle onderlinge liefde daadwerklik te bewys.

Die ander kant van die muntstuk is dat daar 'n sorg-diaken kan wees met die verantwoordelikheid om toe te sien dat die eenheid nie verbreek word deur – mag ons dit maatskaplike sake noem – die sake in die formulier genoem wat die eenheid in gevaar stel.

Op hierdie manier kan die broers wat dien as leer-diakens gehoorsaam wees aan die opdrag van die Here, en die susters wat kan dien as sorg diakens nie vir een oomblik dink dat hulle ongehoorsaam is aan die opdragte en voorskrifte van die Here in die erediens nie.

Hierdie is nie 'n kompromis nie, maar ek dink 'n gehoorsame uitvoering van wat Paulus vir die funksionering van die kerk gee in 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 3 en 1 Timoteus 5:6 - 19.